‘Net die regering glo die land kan daarby baat’

“Daar is baie gewone mense wat teen kernkrag gekant is, ongeag wat jy doen om kernkrag-ingenieurswese te verbeter.
“Daar is ook gesondheids- en veiligheidsprobleme. Die grootste probleem vir Suid-Afrika is dat ons dit nie kan bekostig nie.”
Volgens mnr. Mike Kantey van die Koalisie teen Kernkragenergie (Cane) is kernkrag – teen ’n koste van nie minder nie as R120 miljard per kragstasie-eenheid – te duur vir Suid-Afrika.
“Dit gaan oor prestige en ’n soort olifant-sindroom waarvolgens gedink word groter is beter. Sentrale regerings dink nog oplossings lê daarin om ’n groot klomp geld op ’n reuse-projek uit te gee.”
Kantey het gesê om so “groot” te redeneer, dateer van die vorige eeu. Hy beklemtoon dit gaan nie meer oor een grootte wat vir alles sal werk nie. Kleiner oplossings, soos sonkragpanele, windkrag en kleiner projekte, kan beter inskakel by die spesifieke behoeftes van gemeenskappe.
“Die mynbedryf is besig om te vou. Die laaste mense wat nog geld moet kry, is diegene wat kernkrag wil gebruik,” het Kantey gesê.
Hy meen dit is slegs die sentrale regering wat glo die land kan daarby baat.
Kantey gaan Donderdag dié mening verder voer by die Energiekoukus wat in Kaapstad gehou word.
Mnr. Tristen Taylor, energiebeleidsbeampte van Earthlife Africa, meen ook dit het baie te doen met trots en die internasionale beeld wat gekoppel word aan ’n land se vermoë om onder meer kernkragsentrales te bou. “Dit is nié veilig of bekostigbaar nie. Die planne moet geskrap word,” het Taylor gesê.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published